LINDENNUUS

18 Augustus 2017

KALENDER VIR DIE KOMENDE WEEK

Datum	Aktiwiteit
Vrydag 18 Augustus	Linden_LAN SVLR-kamp
Saterdag 19 Augustus	Atletiek: Diskuskliniek SVLR-kamp
Sondag 20 Augustus	SVLR-kamp
Maandag 21 Augustus	Graad 9 Vakkeuse Oueraand om 18:00
Woensdag 23 Augustus	Sport Oueraand om 18:00
Donderdag 24 Augustus	Netbal: Fast 5 Loopbaanuitstalling Bloktyd vir matrieks begin Kooroptrede: San Sereno
Vrydag 25 Augustus	Rekordeksamen vir matrieks begin

BESKIKBARE POS: VOLTYDSE FASILITEITSBESTUURDER

Is jy 'n planmaker, met sterk organisatoriese vermoëns, wie se hande vir niks verkeerd staan nie en wat 'n begroting kan laat klop?
Aansoeke word nou ingewag deur die beheerliggaam van Hoërskool Linden vir 'n bekwame fasiliteitsbestuurder.
Stuur CV's na: aanstellings@linden.co.za
Sluitingsdatum: 22 Augustus 2017
Voorkeur sal verleen word aan kandidate met:

- Ondervinding in die bestuur van veral skoolterreine, fasiliteite en instandhoudingspanne.
- Administratiewe- en rekenaarvaardighede.
- Finansiële bestuursvaardighede.

HOËRSKOOL LINDEN
Loopbaangeleentheid

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.

Hoërskool Linden; H.v. 3de Laan en 6de Straat; Linden; Jhb, 2195; Tel: 011 888-1433/4; http:/www.linden.co.za/

SVLR 2018

Hoërskool Linden se Senior Verteenwoordigende Leiersraad vir 2018 is verlede Vrydag aangewys. Baie geluk aan die volgende leerders:

Zane Beetge
Elna Betz
Barry Botha
Riku Botha
Courtney Brown
John-Dee Burger
Kate de Wet
Talya Duif
Jana Ferreira
Liesbet Greyling
James Harris
Conrad Kruger
Lumé Kruger
Steven Le Roux
Ruhan Marx
Marco Oosthuizen
Daniël Opperman
Albert Potgieter
Mia Schutte
Eric Steyn
Ankia Swanepoel
Abby Swart
Danielle van der Berg
Nelis van der Lingen
Waldi van der Lingen
Zandri van Dyk
Janco van Eeden
Mia van Niekerk
Philip-Johan van Schaik
Jason van Straten
Linda Viljoen
Lindi van der Merwe

Sterkte met die reuse taak wat op julle skouers rus.

AKADEMIE

English Olympiad

Hoërskool Linden is baie trots op sy *English Olympiad* leerders. Vir die tweede opeenvolgende jaar het ons ‘n leerder onder die top honderd in die land! In 2016 het Helen van der Merwe hierdie prestasie behaal. Vanjaar is Friede van der Berg een van vier leerders van ‘n Afrikaanse skool onder die top een honderd uit die 7 832 leerders wat landswyd ingeskryf het. Slegs 207 goue sertifikate is in 2017 toegeken. Hierdie olimpiade toets nie net algemene Engelse taalvaardigheid nie. Tydens die olimpiade word verskeie analitiese vaardighede op ‘n hoë vlak getoets. Voorgeskrewe Engelse tekste word ontleed en bestudeer en in literêre opstelle geïntergreer. Dit is dus inderdaad ‘n besondere prestasie om onder die top een honderd te eindig.

Baie geluk Friede!

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.

Robotika

Vier spanne van Linden se Robotika-klub het op 12 Augustus 2017 vir die eerste keer sedert die klub se bestaan in 2016, aan die Gauteng-afdeling deelgeneem. Die spanne was as volg:

WIX
Xander Coetzer (Gr.10)
David Grünewald (Gr.10)
Leton Nel (Gr.11)

Team Solo 1
Marc Rennison (Gr.11)
Janco van Eeden (Gr.11)
Matthew Townsend (Gr.11)

WRO BRO's
Nelis van der Lingen (Gr.11)
Waldi van der Lingen (Gr.11)
Marco Oosthuizen (Gr.11)
Jeanré Du Plessis (Gr.11)

Mystery Inc.
Johann Nefdt (Gr.10)
Christiaan van der Merwe (Gr.10)
Raymond Gericke (Gr.10)
Nina Hugo (Gr.10)

Die WRO BRO's het 'n silwer medalje by hierdie kompetisie verwerf. Ons hoor binnekort of hierdie span deur is na die nasionale ronde.

Baie dankie aan al die ouers wat ons klub so getrou ondersteun. In besonder aan Paul Coetzer vir sy leiding, inisiatief, tyd en opofferings.

Intussen begin die Gr.8 – 10 klublede voorberei vir die First Lego League SA Gauteng South ronde. Hierdie kompetisie sal in November vanjaar plaasvind.

Enige leerders wat nog wil deel word van die klub is welkom om op Vrydae vanaf 13:00 tot 15:30 by ons aan te sluit in kamer 27. Enige ouers wat 'n bydra wil lewer, kan me. Charlotte Fourie kontak by: charlotte.fourie@linden.co.za.

SPORT

Atletiek

Alle atlete word versoek om in te skakel by die volgende oefenprogram:

Item	Tye	Maandae	Dinsdae
Naellope	14:30 tot 15:30	X	X
Hekkies	15:30 tot 16:30		X
Middelafstande	14:30 tot 15:30	X	X
Verspring	14:30 tot 15:30	X	
Hoogspring	14:30 tot 15:30		X
Spiesgooi	14:30 tot 15:30		X
Diskusgooi	14:30 tot 15:50	X	
Gewigstoog	14:30 tot 15:30		X
Kondisionering	14:30 tot 15:30	Naellope en hekkies	worpe

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.

Hokkie groet matrieks

Groet is nooit lekker nie, maar die voorreg om 'n pad saam met 'n span te kon loop bly altyd spesiaal. Die eerste dogters-hokkiespan het die week afskeid geneem van hulle matriekspelers Monna Taljaard, Naté Botha en Lumé Botha.
Monna het vier jaar vir die eerstespan uitgedraf, terwyl Naté en Lumé onderskeidelik drie en twee jaar lank vir die Linden eerstes gespeel het. Totsiens julle drie!

Skiet groet matrieks

Aan ons drie matriek skuts, Elsje Rabie, Ivandré van Heerden en Mikhail Fourie, baie dankie vir die goeie voorbeeld wat julle vir al die ander Linden skuts op die skietbaan gestel het. Ons gaan jul teenwoordigheid op die baan beslis mis!

KULTUUR

Tienertoneel

Baie geluk aan die junior tienertoneelgroep wat ‘n bronsmedalje by die ATKV-Tienertoneel in Sasolburg verwerf het.

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.

Hoërskool Linden; H.v. 3de Laan en 6de Straat; Linden; Jhb, 2195; Tel: 011 888-1433/4; http:/www.linden.co.za/

SOSIAAL

Wildsfees - #disampertyd

Die Wildsfeeskos en -vermaak beloof om uit die boonste rakke te wees. Ons gaskunstenaar is Bouwer Bosch wat om 21:00 optree.
Hoërskool Linden se eie Idols finalis, Dené Vorster, tree net voor Bouwer op.

Heerlike wilds-, bees,- en hoendervleispotte word voorberei waarvoor u nou reeds 'n kaartjie moet koop. Dié kaartjie kos slegs R220 en sluit toegang in.

Indien u nie potjiekos wil eet nie moet u 'n R100 toegangskaartjie koop. Hierdie kaartjies moet verkieslik nou gekoop word, maar sal ook op 26 Augustus by die hekke beskikbaar wees.

'n Verskeidenheid kosstalletjies is beskikbaar op die feesterrein, onder andere Wimpyburgers, Chipstix, sosaties, pannekoek, kaasborde, biltong, lekkers, koffie en koeldrank. Slegs kontantaankope sal geskied.

Bring u eie stoel, eetgerei en drinkgoed en kom kuier om konkavure tot laataand soos net Lindeniete kan.

Kaartjies is beskikbaar by www.itickets.co.za en in die finansieskantoor by Alicia Taljaard.

Moenie dit misloop nie!

Borge

Baie dankie aan die volgende besighede wat die Wildsfees borg:

SALES
BOND FINANCE
RENTALS
PROPERTY MANAGEMENT
"Pursuing Excellence"
FANIE SCHOEMAN
082 259 4854
AC
ELKE NELSON
082 385 1340

ROADCOVER
We Care...

PSG Wealth
NORTHCLIFF

TOYOTA

Robindale
SPAR
tops!

Universal Paints

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.

Hoërskool Linden; H.v. 3de Laan en 6de Straat; Linden; Jhb, 2195; Tel: 011 888-1433/4; http:/www.linden.co.za/

ADVERTENSIES

AKAD+ Learning Centre / Leersentrum

http://akadplus.co.za

- Moenie wag met studiehulp tot die eksamen aanbreek nie.
- Moenie dat Wiskunde & Wetenskap jou kind se selfvertroue knak nie.
- Akad Plus bied aanvullende klasse in alle vakke maar fokus spesifiek op **Wiskunde & Natuurwetenskappe**. Ons het kundiges wat leerders in alle grade kan help. Skakel Dr Melanie Jacobs (0828827732) of stuur epos na melanie@akadplus.co.za

Kopiereg © 2017 Hoërskool Linden. Alle regte voorbehou.